# PAUL KRUGER EN DIE TOEKOMS: ROMANTIEK EN VERLIGTING IN DIE VERSTAAN VAN DIE SUID-AFRIKAANSE VERLEDE[1]

**Johann WN Tempelhoff**[2]

***Summary***

*SJP (Paul) Kruger (1825-1904) is still regarded as an outstanding figure in the popular South African historical consciousness. Different people have different conceptions of him. This discussion is based on the viewpoint that Kruger embodied the system of values in existence, also in South Africa, during the romanticism of the early nineteenth century. His philosophy of life was opposed to the ideas of the Enlightenment. More nuanced terms of expression and an exploration of certain future perspectives are put forward in order to create an understanding of Kruger and his times.*

> Historisches Denken ist die Antwort des menschlichen Geistes auf die irritirende Erfahrung, dass am Ende eines zielgeleitenen Handelns oft etwas anderes herauskommt als beabsichtigt war. Geschichten werden erzählt um diesen empirischen Widersinn der Handlungsteleologie im Zeitverlauf zu überwinden.[3]

In die populêre Suid-Afrikaanse historiese bewussyn is SJP Kruger (1825-1904) nog altyd 'n uitstaande figuur. In sommige kringe word hy beskou as 'n ongekunstelde kind van die veld wat met ontoereikende formele opleiding aan die stuur gestaan het van 'n deel van suider-Afrika wat oor bepaalde ekonomiese ontwikkelingspotensiaal in die negentiende eeu beskik het.[4] In ander kringe word hy gesien as die simbool van 'n Afrikaanse kultuurgemeenskap in 'n tydperk van verselfstandiging en die ontwikkeling van 'n nasionale identiteit.[5] Hy word ook beskou as die vergestalting van 'n Transvaalse republikeinse ideaal wat vanaf die negentiende eeu tot in die sestigerjare van die twintigste eeu 'n omvangryke invloed

1 Gebaseer op 'n voordrag gelewer by geleentheid van 'n FAK-konferensie, "Kruger gister en vandag", 14 Julie 2004, Ou Raadsaal, Pretoria.

2 Skool vir Basiese Wetenskappe, Fakulteit Vaaldriehoek, Noordwes-Universiteit.

3 J Rüsen, **Kann Gestern besser werden? Bedenken der Geschichte** (Kulturverlag, Kadmos, Berlin, 2003), p. 32.

4 Kyk onder meer F Walsh, **A history of South Africa** (Harper Collins, Londen, 1998), p. 300; J Iliffe, **Africans: the history of a continent** (Cambridge University Press, Cambridge, 1995), p. 276.

5 M du Preez, "Paul Kruger behoort niemand aanstoot te gee nie", **Rapport**, 3 Augustus 2003. by http://152.111.1.251/argief/berigte/rapport/2003/08/03/R1/22~1/1. html; J Tempelhoff, "Oudpres. Kruger 'n simbool wat maklik misbruik kan word", **Beeld**, 4 April 1995, p. 13; J Tempelhoff, "Oom Paul leef: soos Mandela het Kruger 'n ikon geword", **Beeld**, 30 Julie 2003, p. 13.

op die staatkundige denke van die blanke politieke besluitnemers van Suid-Afrika uitgeoefen het.[6]

Die destydse herdenking van Krugerdag op 10 Oktober - 'n gebruik wat reeds in die *Zuid-Afrikaansche Republiek* (ZAR) beslag gekry het - en in die twintigste eeu weer eens herleef het, het ons begrip van hierdie politieke figuur in die Suid-Afrikaanse geskiedenis opnuut 'n nuwe dimensie gegee.[7]

Kruger se belangrikste tydgenootlike politieke opponent, Cecil John Rhodes, word vandag onthou vir sy belangrike humanitêre en intellektuele nalatenskap, soos vervat in die benaming van Rhodes Universiteit in die Oos-Kaapprovinsie wat terloops ook in 2004 'n eeu oud geword het,[8] en die wêreldbekende Rhodes studiebeurs,[9] wat sedert 1903 aan studente in baie wêrelddele beskikbaar gestel word.

Kruger daarenteen word onthou in die benaming van die vlagskip van Suid-Afrikaanse natuurreservate, die Nasionale Krugerwildtuin[10] en die Krugerrand, 'n munt wat vanaf 1967 gebruik is om goud as waardevolle metaalbate in algemene sirkulasie te bring.[11] Ook word Kruger by uitnemendheid onthou vir bepaalde aannames omtrent vryheid en republikeinse waardes wat diep in die Christelike Calvinistiese opvattings van die vroeë negentiende eeu gegrondves was.[12] Baie van

6 Vir 'n kontemporêre interpretasie van Transvaalse republikanisme, kyk H Giliomee, **The Afrikaners: biography of a people** (Tafelberg en University of Virginia Press, Kaapstad en Charoltesville, 2003), pp. 234-5. Vir die verwesentliking van die republikeinse ideal teen die sestigerjare, kyk FA van Jaarsveld, **Van Van Riebeeck tot Verwoerd, 1652-1977** (Eerste uitgawe, Voortrekkerpers, Johannesburg, 1971), pp. 270-7. Die belangrikheid van lg. werk is daarin gesetel dat dit 'n betreklike akkurate weergawe is van die opvattings wat in die era 1960-1966 as impetus gebruik is om rondom republikanisme Afrikanernasionalisme aan te wakker. Vir 'n saamgestelde werk, kyk FA van Jaarsveld en GD Scholtz, (reds.), **Die Republiek van Suid-Afrika: agtergrond, ontstaan en toekoms** (Voortrekkerpers, Johannesburg, 1966).

7 PH Kapp, "Ons volksfeeste", in PW Grobbelaar (red.), **Die Afrikaner en sy kultuur III** (Tafelberg Uitgewers, Kaapstad, 1975), pp. 97-117.

8 Kyk Webblad van Rhodes Universiteit by http://www.ru.ac.za/academic/calendar2004/General_Info.html (Geraadpleeg op 16 Julie 2004).

9 Kyk Webblad vir algemene inligting oor die Rhodes Scholarship http://www.factindex com/r/rh/rhodes_scholarship.html (Geraadpleeg 16 Junie 2004).

10 EJ Carruthers en U de V Pienaar, "Die vroeë evolusie van die Sabie-wildreservaat (1900-1926) en proklamasie van die Nasionale Krugerwildtuin" in U de V Pienaar (red.), **Neem uit die verlede** (Nasionale Parkeraad, Pretoria, 1990), pp. 370-93; Kyk ook J Carruthers, **The Kruger National Park: a social and political history** (University of Natal Press, Pietermaritzburg, 1995); J Carruthers, "Nationhood and national parks: comparative examples from the post-imperial experience" in T Griffiths en L Robin (reds.), **Ecology and empire: environmental history of settler societies** (University of Natal Press, Pietermaritzburg, 1997), pp. 128-9.

11 Kyk webblad: Anon., "Krugerrand" by SA Mint Company, by http://www.samint.co.za/home/static.php?ContentID=82

12 BJ Engelbrecht, "Die godsdiens van die Afrikaner" in PG Nel (red.), **Die kultuurontplooiing van die Afrikaner** (HAUM, Pretoria, 1979), pp. 55-58; Kyk ook F Postma, **Paul Kruger: die Christen volksman en staatsman**, (Pro Ecclesia, Stellenbosch, 1944); HM van der Westhuysen, "Die gestalte van die westerse leefwyse by die Afrikaner" in G Cronjé (red.), **Die Westerse kultuur in Suid-Afrika** (JL van Schaik Beperk, Pretoria, 1963), pp. 51-3.

sy opvattings, veral teen die einde van die negentiende eeu, was in stryd met die opvattings van die tyd. Gedurende die twintigste eeu is die herinnering aan Kruger gebruik as 'n manier om Afrikaners van 'n bepaalde nasionalistiese identiteit te voorsien, en selfs by geleentheid as 'n propagandamiddel in die stryd van Nazi-Duitsland teen die Geallieerde moondhede gebruik.[13] Ironies was dit ook in hierdie tyd dat die eerste werklike wetenskaplike geskiedskrywing oor Paul Kruger in Suid-Afrika onderneem is.[14] Aan die begin van die een-en-twintigste eeu was hy, in 'n era waarin die Afrikaanse identiteit opnuut in die brandpunt van 'n veranderende historiese bewussyn gekom het, weer in die speelveld van debat en twis, as die simbool van 'n kultuurgemeenskap wat in 'n veelrassige demokratiese bestel sosiaal en polities op soek was na 'n kultuurruimte in 'n multikulturele samelewing.[15]

In hierdie bespreking word van die standpunt uitgegaan dat Kruger 'n vergestalting was van die waardesisteme wat rondom die romantiek van die vroeë negentiende eeu, ook in Suid-Afrika, aan die orde was. Daarteenoor het hy vanuit 'n lewens- en wêreldbeskoulike grondslag te staan gekom teen die ideëwêreld van die Verligting - die resultaat van liberale intellektuele ontwikkeling wat in die Verenigde State van Amerika en Wes-Europa invloedryk was.[16] Van Zyl Slabbert het enkele jare gelede onderskei tussen moderniteit en tradisionalisme.[17] Ofskoon hierdie uitgangspunt geregverdig is, dui dit egter nie toereikend die mentaliteite van die samelewing van weleer aan nie. Dit is nodig, indien daar histories oor die geestesklimaat van die tyd besin word, om meer genuanseerde uitdrukkingsterme daar te stel wat 'n begrip vir die verbygegane tydsgewrigte skep.

13 FA van Jaarsveld, **Paul Kruger: simbool van 'n volk** (CUM-Boeke, Roodepoort, 1982), pp. 115-25.

14 P de Klerk, **Die geskiedskrywing oor Paul Kruger**, (MA, PUCHO, 1969), p. 227.

15 G Kruger (red., briewe), Hedendaagse Paul Kruger gesoek", **Beeld**, November 2003, p. 8; Redaksionele kommentaar, "Mzilikazi", **Beeld**, 19 November 2003, p. 12; G Kruger (red., briewe), "Waardigheid van president geskend", **Tshwane Beeld**, 4 Februarie 2004, p. 6; JH Buys (red., briewe), "Regstellende aksie", **Tshwane Beeld**, 25 Februarie 2004, p. 6; S Oberholzer (red., briewe), "Demokrasie van kiesers het nié die land regeer", **Tshwane Beeld**, 3 Maart 2004, p. 6; M du Preez, "Paul Kruger behoort niemand aanstoot te gee nie", **Rapport**, 3 Augustus 2003.

16 Vir 'n omvattende en insiggewende resente indruk oor die Verligting en Romantiek, kyk J Barzun, **From dawn to decadence: 500 years of Western cultural life: 1500 to the present** (Harper Collins, Londen, 2001), pp. 360-92 en 467-9.

17 F van Zyl Slabbert, **Afrikaner Afrikaan: Anekdotes en analise** (Tafelberg, Kaapstad, 1999), p. 94.

Indien ons die geskiedenis van Paul Kruger en sy tyd na behore wil verstaan, is dit noodsaaklik om ook bepaalde toekomsperspektiewe omtrent die verlede te ontgin. Veral in die geskiedeniswetenskap is dit van belang om kontekste neer te lê waarbinne die kognitiewe ervaring van gebeure in die verlede, individue se rol in die vorming van die tyd waarin hulle geleef het en bepaalde tydsgewrigte verstaan kan word.

## 1. DIE GESKIEDENISWETENSKAP EN BEGRIP VIR DIE TOEKOMS

Die wyse waarop Kruger in die toekoms beoordeel gaan word, is grootliks gesetel in die opvattings wat in die geskiedeniswetenskap op enige gegewe tydstip aan die orde is. Daardeur word dit moontlik vir gewone mense om kennis te neem van andersoortige aksente en eienskappe wat in die verlede opgesluit is, maar nooit vantevore op die betrokke manier raakgesien is nie. Die strategieë word gewoonlik ontgin in samehang met die heersende geestesklimaat in relevante wetenskapsbeoefening, die eise wat in die openbare sfeer aan die verlede gestel word, asook die aard en wese van die historiese bewussyn wat in 'n samelewing op 'n bepaalde tydstip aan die orde is.

Volgens Hölscher, een van 'n nuwer geslag Duitse historici, was daar sedert die negentiende eeu, toe geskiedenis as akademiese dissipline die status van 'n wetenskap gekry het, grootliks drie fases van ontwikkeling. Die eerste, wat bestempel word as die era van die "ou politieke" geskiedskrywing, is gekenmerk deur 'n gerigtheid om die voleindingsprosesse van goddelik-geskepte epogte in die geskiedenis bloot te stel. Deur middel van die hermeneutiese verstaansmetode is daarvan werk gemaak om op 'n kritiese manier die bronne te bestudeer en kontekste voorop te stel wat veronderstel was om die verledenswerklikheid voor te hou "soos wat dit eintlik moes gewees het". Hierdie benadering is beïnvloed deur bepaalde ontwikkelinge in die letterkunde en die teologie van die tyd.[18]

In die twintigste eeu het die geskiedeniswetenskap 'n nuwe rigting ingeslaan wat onder die algemene noemer van die sosiale geskiedenis vervat word. Dit is gekenmerk deur die nastrewing van die totaliteitsbeginsel in die ontsluiting van die verlede. Ideologiese voorkeure is aanvaar, met dien verstande dat dit ons foute in die verlede kon verhelder. Daarby het dit ook gegaan oor die soeke na relevante spore van vooruitgang wat sedert die verlede in die hede begin manifesteer het. Paradigmaverskuiwings was aan die orde, maar dit het grootliks daarom gewentel om die vergangenheid van die hede op so 'n manier voor te stel dat die verlede die

18 H-G Gadamer, **Truth and method** ([Vertaal uit die Duits, tweede uitgawe geredigeer deur G Barden en J Cumming] Sheed & Ward, Londen, 1965), p. 153.

hede op 'n manier kan orden. Daardeur word gepoog om 'n voormalige realiteit denkbaar te maak.[19]

Volgens Hölscher verkeer ons tans in die era van die nuwe kultuurgeskiedenis.[20] Dit is 'n rigting wat nie bo verdenking staan nie en duidelik ook nog 'n fase van meer omvattende definiëring moet deurmaak.[21] Om dié rede kom die tendens van die "nuwe" kultuurgeskiedenis dikwels onder skerp kritiek.[22] Tog is daar bepaalde moontlikhede vir die verstaan van die verlede in hierdie benadering opgesluit. In die besonder is dit moontlik om, vir die doeleindes van hierdie bespreking, deur middel van die dissiplinêre grondslae van die nuwe kultuurgeskiedenis Paul Kruger se rol in die verlede en die toekoms, beter te verstaan.

Daar word aanvaar dat die nuwe rigting gepaard gaan met groter verwarring as voorheen oor nuwe samelewings- en ou politieke historiese opvattings. Die doelwit is nie nou meer om die stand van kennis op dié terreine aan te spreek of te verbeter nie. Veel eerder word gestreef na die bekendstelling van veelvoudige voorstellings van samelewingswerklikhede. Sodoende word die klimaat geskep dat daar in die toekoms dieper op klaarblyklik onbenullige of onrealistiese aspekte ingegaan kan word. Daar bestaan ook begrip vir die feit dat baie kontemporêre realiteite nog nie heeltemal uitgekristalliseer het nie. Dit sal hopelik weldra gebeur.[23]

Uiteindelik is die doelwit met hierdie eksperiment die verval van 'n ou "historiese werklikheid" in 'n uiteenlopende konglomeraat van verskillende werklikhede wat altyd verder die toekoms inbeweeg. Daarmee word in die vooruitsig gestel om dit wat die klassieke geskiedeniswetenskap as opgawe voorgehou het, finaal te oorwin.[24] Belangriker is dat ou opvattings omtrent die verlede nie summier afgemaak word nie. Veel eerder word dit opgeneem in 'n korpus van gegewens wat van waarde is vir die groter verstaan van die verlede.[25]

---

19 L Hölscher, **Neue Annalistik: Umrisse einer Theorie der Geschichte** (Wallstein Verlag, Göttingen, 2003), p. 41.

20 **Ibid**., pp. 40-1.

21 Kyk R Chartier, "The new cultural history" in J Eibach en G Löttes (reds.), **Kompass des Geschichtswissenschaft** (Vandenhoeck en Ruprecht, Göttingen, 2002), pp. 193-205; L Raphael, **Geschichtswissenschaft im Zeitalter der Extreme: Theorien, Methoden, Tendenzen von 1900 bis zur Gegenwart** (Verlag CH Beck, München, 2003), pp. 228-47.

22 H-U Wehler, **Konflikte zy Beginn des 21. Jahrhunderts: Essays** (Verlag CH Beck, München 2003), pp. 167-77.

23 Hölscher, **Neue Annalistik ...**, p. 40.

24 **Ibid**., p. 40.

25 Vir 'n uiteensetting hiervan aan die hand van W Benjamin se denke, kyk J Tollebeek, "'Turned to dust and tears': revising the archive", **History and Theory**, 43(2), May 2004, p. 248.

'n Laaste aspek van die nuwe kultuurgeskiedenis, wat vir die doeleindes van ons gesprek relevant is, is die feit dat die geskiedenis van die toekoms 'n onderwerp van wesentlike belang geword het. Hölscher het homself op dié navorsingsweg begeef toe hy aan die einde van die twintigste eeu 'n studie gepubliseer het oor die wyse waarop mense sedert die agtiende eeu te werk gegaan het om die toekoms as realiteit letterlik te ontdek.[26] Ook het hy homself op die teorie van hierdie benadering tot die verlede toegespits.[27]

Ons volstaan voorlopig by hierdie uitgangspunte en wend ons nou tot die eintlike subjek van ons betragting: Paul Kruger en die toekoms.

## 2. PAUL KRUGER EN SY TYD

Paul Kruger was in baie opsigte 'n kind van sy tyd.[28] Hy is gebore in 'n tydsgewrig toe 'n groot gedeelte van die blanke bevolking aan die Kaap toenemend 'n nomadiese lewenswyse toegedaan was. Oorspronklik het hulle grootliks bestaan uit Europeërs wat die era van die Nederlandse Renaissance en ook die vroeë moderne kapitalisme in Wes-Europa meegemaak het.[29] Saam met die oopstelling van nuwe wêrelddele, danksy nuwe denke omtrent die natuur en die menslike gees, het daar bepaalde vernuwende opvattings omtrent die menslike kultuur bestaan.[30] Die koms van die Hugenote na die Kaap het ook 'n bepaalde stempel afgedruk op 'n Gereformeerde godsdienstradisie wat identiteit en geestelikheid bepaal het.[31] In relatiewe geografiese en temporale afsondering het hulle, met verloop van tyd, egter 'n eiesoortige identiteit ontgin wat deur die bodemgesteldheid van suider-Afrika verder gevorm is.[32] Een voorbeeld was hulle godsdiensfilosofie wat in die binneland teen

26 L Hölscher, **Die Entdeckung der Zukunft** (Fischer Taschenbuch Verlag, Frankfurt am Main, 1999).

27 Hölscher, **Neue Annalistik ...**, pp. 46-52.

28 Dit is opvallend hoeveel werke oor Kruger juis 'n aksent plaas op die rol wat hy in sy tyd gespeel het. FR Statham, **Paul Kruger and his times** (Unwin, London, 1898); JF van Oordt, **Paul Kruger en de opkomst der Zuid-Afrikaansche Republiek** (HAUM, Kaapstad, 1898); JP le G Lombard, **Paul Kruger: die volksman** (Van Schaik, Pretoria, 1925); F Schultz, **Paul Krüger: ein Nachruf** (Böhlhaus, Weimar, 1927); L Twyman, "Paul Kruger en Johannesburg, 1886-1895", (MA, PUCHO, 1965).

29 H Giliomee, **The Afrikaners: biography of a people** (First edition, Tafelberg, Cape Town, 2003), p. 5.

30 'n Werk wat steeds goeie insigte bied, is G Cronjé (red.), **Die Westerse kultuur in Suid-Afrika** (JL van Schaik Beperk, Pretoria, 1963).

31 Giliomee, p. 11.

32 G Cronjé en JD Venter, **Die patriargale familie: 'n kultuurhistoriese en kultuursosiologiese studie** (HAUM, Kaapstad, 1973), pp. 24-5, 28, 31, 32; In die geval van die Transvaalse geskiedenis, kyk FJ Potgieter, "Die vestiging van die blanke in Transvaal (1837-1886): met spesiale verwysing na die verhouding tussen die mens en die omgewing", **Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis** 21(2), 1958 (Staatsdrukkery, Pretoria, 1929).

die einde van die negentiende eeu in 'n naïewe vorm van Calvinisme sou uitkristalliseer.[33]

'n Oënskynlike gebrek aan gepaste grondgebied, 'n toename in die Kaapse bevolking en die eise van die boerderybedryf,[34] het 'n toestand in die hand gewerk waarin baie blankes as nomadiese veeboere,[35] nie meer net as deel van *transhumance*-aktiwiteite nie, maar ook as nedersetters in die gebied ten noorde van die Oranjerivier - buite die grense van die destydse Kaapkolonie - 'n permanente heenkome gaan soek het.[36]

Paul Kruger was deel van 'n geslag mense wat op 'n lewenswyse aangewese was wat hul voortbestaan sou verseker.[37]

Bepaalde politieke faktore het daartoe meegewerk om hierdie geslag te kweek. Dit het verband gehou met die nuwe Britse bewind aan die Kaap wat, sedert 1806, nie die nodige respek vir die kulturele versugtinge van die gemeenskap getoon het nie en met die vrystelling van die slawe. Taalregte, 'n tradisionele stelsel van landdros en heemrade, asook die stelsel van veldkornet en die kommando het toenemend in onbruik verval namate moderne vorme van Britse koloniale administrasie aan die Kaap ingevoer is.[38]

Vir baie mense was die hede 'n tydsgewrig waarin kleinering en die miskenning van hulle status deur 'n heethoofdige owerheid 'n verskoning geword het om die Kaap permanent te verlaat.

'n Avontuurlustige drang na verkenning en die ontsluiting van onbekende landstreke op 'n bykans ongekarteerde Afrika-kontinent, het onder die gemeenskaplike noemer van 'n vryheidsdrang daartoe aanleiding gegee dat sentimente wat later 'n bepaalde identiteit sou skep, die botoon voer. Dit sou aanleiding gee tot opvattinge oor die aard en wese van die staat, politiek, geloof, 'n nostalgiese verbondenheid met die gebied van herkoms, en deelname aan ekonomiese bedrywighede soos die

---

33 G Claassen, "Afrikaner se geskiedenis is vol mites", **Beeld**, 5 Februarie 1992, p. 8.

34 J Barrow, **An account of travels into the interior of Southern Africa, in the years 1797 and 1798**, Volume I, (A Strahan, The Strand, 1801), pp. 7-8.

35 PJ van der Merwe, **Trek: studies oor die pioniersbevolking aan die Kaap** (Nasionale Pers Beperk, Kaapstad, 1945), p. 64.

36 L Guelke and R Shell, "Landscape of conquest: frontier water alienation and Khoikhoi strategies of survival, 1652-1780", **Journal of Southern African Studies** 18(4), December 1992, p. 817.

37 Giliomee, pp. 161-93; Vir 'n beskrywing van die jeugdige Kruger teen die agtergrond van sy tyd, kyk M Juta, **The pace of the ox: a life of Paul Kruger** (Human & Rousseau, Kaapstad, [1937], 1975), pp. 3-31.

38 Kyk o.m. na CFJ Muller, **Die Britse owerheid en die Groot Trek** (Academica, Pretoria, 1969); en **Die oorsprong van die Groot Trek**, (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria [1974], 1987).

jag, veeboerdery, landbou en verhoudinge met mense van ander kulturele groeperinge. Die gemeenplasige mentaliteit wat hieruit ontwikkel het, was 'n belangrike dryfveer in hul versugting om 'n heenkome in die onbekende hinterland van suider-Afrika te gaan soek.[39]

Baie opvattings uit hierdie era sou tot diep in die twintigste eeu 'n deel van die uitsonderlike lewens- en wêreldbeskouinge van die blanke segment van die Suid-Afrikaanse samelewing word. Die immanente grondslae van 'n rasgefundeerde samelewing, wat reeds in die sewentiende eeu beslag gekry het, sou opeenvolgende onregstreekse revolusies onder koloniale en republikeinse bewindvoering tot gevolg hê. In die twintigste eeu sou dit een van die uitstaande knelpunte in die nasionale politiek van Suid-Afrika word.

Sou ons vanuit 'n Eurosentriese perspektief na Paul Kruger se intellektuele vorming as 'n jeugdige persoon in die eerste helfte van die negentiende kyk, is dit duidelik dat ons hier te make het met 'n figuur wat in die era van die Romantiek, die versugting na die verkenning van die individu en die gedagte van vryheid in alle fasette van menswees, nagestreef het. Dit het deel uitgemaak van strominge van die Romantiek wat reeds ten tyde van die Britse anneksasie in 1806 aan die Kaap aanwesig was en toenemend, veral in die Christelike geloofsgemeenskap, veld gewen het.

Daar was ook 'n ander geestestroming, die Verligting, wat bloot sydelings deur die Kaapse burgery, van Nederlandse afkoms, aan die einde van die agtiende eeu ervaar is, maar ná 1795, deels as gevolg van die Britse tussentydse regering aan die Kaap, en die mislukte eksperiment van die Bataafse bewind in Nederland, skipbreuk gely het. Die Verligting het in 'n groot mate ook 'n invloed uitgeoefen op die uitbreek van die Franse Revolusie, wat met die bestorming van die Bastille in Parys op 14 Julie 1795 'n simboliese hoogtepunt bereik het. Ofskoon die Verligting vandag dikwels gekenmerk word as 'n era van utopiese determinisme, is daar 'n belangrike komponent van intellektuele onderbou wat ter sprake kom. Dit is gekenmerk deur 'n gees van liberale waardes wat ten doel gehad het om by wyse van rasionale denke beter wedersydse begrip vir die mens en die toekoms uit te spel.[40]

---

39 FA van Jaarsveld, **Die Afrikaners se groot trek na die stede en ander opstelle** (Perskor, Johannesburg, 1982), pp. 135-225.

40 Vir 'n beredenering vanuit die perspektief van die dissipline van geskiedenis oor die Verligting, kyk J Kocka, "Geschichte als Aufklärung" en J Rüsen, "Vernunftpotentiale der Geschichtskultur" in J Rüsen, E Lämmert en P Glotz, **Die Zukunft der Aufklärung** (Suhrkamp Verlag, Frankfurt am Main, 1988), pp. 91-8, 105-14.

Teen die einde van die Napoleontiese oorloë in 1815 en met die herstel van 'n konserwatiewe orde in Europa, asook die mislukte revolusies van 1848, het verligtingsdenke in onguns verval. In die lewe van die intellek het verligtingsdenke egter 'n ongekende groei getoon. Dit het veral op die terrein van die politieke ekonomie 'n belangrike rol in die ontwikkelende idees oor kolonialisme, imperialisme, demokrasie, die evolusieleer in die natuurwetenskappe, asook die utilitêre teorie 'n omvangryke invloed op mense van die noordelike halfrond uitgeoefen. Veral tendense wat betref modernisering, industriële ontwikkeling, die ontginning van koloniale sentra waar minerale en ander hulpbronne ontgin kon word, en terselfdertyd as 'n afset vir produkte van die koloniale moederland kon dien, was 'n onderdeel van die verligtingsrasionaliteit.[41]

Toekomsperspektiewe wat Paul Kruger gehad het, is beïnvloed deur 'n ryke verskeidenheid idees wat in die alledaagse lewe van die veld 'n belangrike invloed uitgeoefen het. Bowenal was dit gefundeer in die Christelike leer van eskatologiese voleinding in 'n hemelse hiernamaals wat die beloning was vir 'n voorbeeldige lewe op aarde.

Voorop was die beginsel van agentskap (*agency*) wat 'n bepaalde onverbondenheid in die grensgemeenskap van die vroeë negentiende eeu verteenwoordig het. Van 'n bestaande orde waaraan gehoor gegee moes word, was min sprake. Charismatiese individue wat ondernemingsgees getoon het en veral bedrewe was met die wapen, onder omstandighede van grensbewaking en op die jagveld, was in aanvraag. Daarmee saam was daar 'n behoefte aan beginselvastheid, vasberadenheid om inisiatiewe te onderneem en deur te voer, asook die strewe om 'n politieke filosofie van selfstandige demokratiese besluitneming te laat seëvier. Paul Kruger het oor al hierdie eienskappe beskik. Hy was meer as bevoeg om dit lewenslustig uit te leef. Verder was hy 'n gebore leier wat onverskrokke en doelgerig die toekoms tegemoet gegaan het.

Indien daar op sy ontwikkeling as politieke leier gefokus word, is dit duidelik dat hy in die eerste fase vanaf die vyftigerjare daarop gekonsentreer het om sy politieke steun aan 'n gekonsolideerde leierskap in die *Zuid-Afrikaansche Republiek* (ZAR) te gee. Teen die sestigerjare het dit op 'n burgeroorlog uitgeloop wat juis in die destydse Wes-Transvaal tot 'n botsing tussen die volksleër onder die leiding van Jan Viljoen en die staatsleër onder die leiding van Paul Kruger aanleiding gegee het. Daarna het die konsolidering van blanke mag in die ZAR en die Vrystaatse republiek onder die leiding van MW Pretorius aan die orde gekom. Kruger was as kommandant-generaal op die voorpunt van al hierdie ontwikkelinge.

41 Vir 'n uiteensetting van die grondslae, kyk TRH Davenport en C Saunders, **South Africa: a modern history** (vyfde uitgawe, Macmillan, Londen, 2000), pp. 36-40.

Sy voorgevoel van die toekoms het, ten tye van die republikeinse presidentsverkiesing van die vroeë sewentigerjare van die neëntiende eeu, hom in die steek gelaat. Die verkiesing van ds TF Burgers was by uitnemendheid 'n aanstelling wat daarop afgestem was om modernisering in die ZAR in die hand te werk.[42] Kruger, wat aanvanklik Burgers se verkiesing teengestaan het, het later met hom saamgewerk en as 'n belangrike behoudende element in die kabinet van Burgers gedien.[43]

Die Britse anneksasie van 12 April 1877 het die verligtingsidees van vooruitgang ten alle koste, laat skipbreuk ly. Aan die voorpunt van die verset was Paul Kruger wat in die volgende vier jaar homself as diplomaat en onderhandelaar sou onderskei. Die wyse waarop hy geslaag het om die saak van die Transvaalse Afrikaners te propageer, het in die Vrystaat, Kaapkolonie en die buiteland goeie gevolg gehad. Die manier waarop hy leiding gegee het, het veroorsaak dat sy styl van politieke leiding hom op die voorpunt geplaas het om in die vorm van 'n klassieke regering van driemanskap saam met genl. PJ Joubert en MW Pretorius die botoon te voer. Teen 1884 was sy magsposisie dermate gekonsolideer dat hy as staats- en regeringshoof (president) die leiding kon oorneem.[44]

Kruger het homself voortreflik onderskei en bewys gelewer dat hy daartoe in staat was om in 'n tydperk van omvangryke politieke dinamika die leiding te neem en rigting aan te wys. Daar was 'n bepaalde versiendheid in die meeste van sy besluite wat in hierdie tydperk geneem is. Een knelpunt het egter opgeduik waarmee hy buitengewone probleme ondervind het. Dit het om die hantering van die dinamiek van modernisering gewentel.

Ofskoon hy daarin kon slaag om reeds in 1887 die ontwikkeling van 'n spoorlynstelsel vir die ZAR te verseker en versiende planne in werking kon stel om die maatskaplike ontwikkeling soos byvoorbeeld die onderwys van die blanke bevolking in die staat, te verbeter, was hy nie opgewasse om met die verligtingsopvattings van die nuwe nywerheidsklas van ondernemers in die staat rekening te hou nie. Die gevolg was dat die tydperk 1886 tot 1899 duidelik uitgesonder kan word as een waarin die samelewing van die ZAR oornag voor 'n ongekende ekonomiese ontwikkeling te staan gekom het wat ondoeltreffend bestuur is.

---

42 GD Scholtz, **Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner: Deel III (1854-1881)** (Perskor, Johannesburg, 1974), pp. 497-502.

43 FA van Jaarsveld, "Die stryd om die behoud van die republikeinse onafhanklikheid" in Van Jaarsveld en Scholtz, pp. 103-4.

44 JS du Plessis, "The South African Republic" in CFJ Muller (red.), **Five hundred years: a history of South Africa** (vierde uitgawe, Academica, Pretoria, 1984), pp. 268-74.

In 'n groot mate was Kruger, wat in wese ontwikkeling goedgesind was, maar nie noodwendig geweet het hoe om veranderingsdinamiek onder omstandighede van snelle ontwikkeling te bestuur nie, nie opgewasse vir die taak en die eise wat die tyd aan hom gestel het nie. Die regering se besluit om 'n tweede Volksraad te vestig, die sloerdery met die toekenning van burgerskap aan mense van buitelandse afkoms, en die bereidwilligheid tot die ongebreidelde aftakeling van swart gemeenskappe se outonomie binne die grense van die staat, het sy regering onder verdenking gebring.

Daar was egter heelwat steun vir sy leiding as regeringshoof. Kruger het soos 'n "vader des volks" aan die stuur van 'n oorwegend konserwatiewe landelike gemeenskap gestaan. Sy toekomsvisie, in weerwil van die betreklike liberale leiding wat dr. WJ Leyds verskaf het, het grootliks daarop neergekom om die belange van die eerste republikeinse landgenote te beskerm. Kruger se teenpool was 'n progressiewe groepering van kapitaliste wat verby die romantiek van 'n pastorale lewenswyse gekyk het. Saam daarmee was daar die drang na Britse imperiale uitbreiding wat teen 'n ongekende tempo in alle wêrelddele aan die orde van die dag was.

Die negentigerjare is gekenmerk deur ekonomiese depressie in suider-Afrika.[45] Hierdie omstandighede het die Krugerregering daarvan weerhou om effektiewe beheer oor die mynbousektor te kry. Allerhande toegewings is gemaak om mynbou te bevorder. In die proses moes die Kruger-regering heelwat mag prysgee. Die resultaat was die Jameson-inval (1895-6), wat op die kleinering van die Britse uitbreidingsdrang in suider-Afrika afgestuur het.[46]

'n Verdere sosio-ekonomiese krisis het gevolg met die runderpes van 1896-7. Dit was vir die boere (beide blank en swart) 'n gevoelige slag waarvan hulle nouliks sou herstel. Die proses van verstedeliking is daardeur aangespoor en die herverdeling van rykdom in Suid-Afrika, in die aangesig van die nuwe nywerheidsomwenteling, is daardeur versterk.[47]

Onder hierdie omstandighede het Kruger opnuut 'n diplomatieke offensief ter beskerming van die onafhanklikheid van die ZAR geloods. In welke mate die inisiatief geslaagd was, is 'n ope vraag. Selfs die bemiddeling van president MT Steyn van die Vrystaat kon op die ou einde nie 'n oorlog afweer nie. Historici is dit eens dat Kruger korrek was in sy aannames omtrent die Britse omsingeling van die

45 MH de Kock, **Selected subjects in the economic history of South Africa** (Juta, Kaapstad, 1924), pp. 114-5.

46 GD Scholtz, **Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner: IV (1881-1899)** (Perskor-uitgewery, Johannesburg, 1977), pp. 475-89.

47 JP Kotzé, **Die runderpes in Transvaal en die onmiddellike gevolge daarvan** (MA, RAU, 1974).

Boererepublieke.[48] Dit kan ook aanvaar word dat dit in werklikheid die Britse bewindhebbers was wat vasberade was om oorlog te voer.

Leierskap impliseer dat die leier daartoe in staat behoort te wees om die toekoms vir sy/haar volgelinge aan te dui. In 'n moderne demokrasie word aanvaar dat, benewens die binne-parlementêre meningswisselingsprosesse, daar ook 'n openbare mening is wat, by wyse van meningspeilings, onderlinge raadpleging en 'n doelbewuste klimaatskepping, die nodige grondslae vir verandering en finale besluitneming lê.

In die geval van die ZAR het daardie keerwal nie bestaan nie. Verromantiseerde indrukke wat histories opgebou is rondom die oorwinnings wat ten tye van die Eerste Vryheidsoorlog (1880-1881) en die Jameson-inval behaal is, het misplaaste verwagtinge omtrent die moontlike uitkoms van 'n oorlog teen Brittanje geskep.[49] Daarby moet ook in ag geneem word dat dr. WJ Leyds, 'n belangrike intellektuele beïnvloedingsbron van Kruger, wat tussen 1889 tot 1898 staatsekretaris was, nou in die buiteland gewoon het.[50]

Kruger, wat in daardie stadium nie by magte was om die gees van nasionalisme en ywer om oorlog te voer, te beteuel nie, was verplig om binne 'n jaar ná die uitbreek van die oorlog in ballingskap na die buiteland te vertrek. In Europa was daar baie sentimente in die guns van die Boererepublieke in hul stryd teen Brittanje. Paul Kruger was die ikoon van die stryd. As persoon het hy 'n groot gevaar vir die aansien van die Britse ryk ingehou. In baie opsigte het hy die statuur gehad van 'n Nelson Mandela.[51] In een belangrike opsig was daar 'n verskil. Nie een van die groter Europese moondhede, onder meer Nederland, Frankryk en Duitsland, was bereid om hom of sy staat formeel en openlik te steun nie.[52]

---

48 I Capraro, "Nuwe perspektief op oorsake van die Suid-Afrikaanse oorlog", **Beeld**, 4 September 1997, p. 9.

49 FA van Jaarsveld, **Omsingelde Afrikanerdom: opstelle oor die toestand van ons tyd** (HAUM, Kaapstad, 1978), pp. 12-6.

50 LE van Niekerk, **Kruger se regterhand: 'n biografie van dr WJ Leyds** (Van Schaik, Pretoria, 1985), pp. 61-117.

51 Kyk byvoorbeeld BTP Waszklewicz (hoofredakteur), **Paul Kruger's Tocht: getrouwe beschrijving van Oom Paul's bezoek aan Frankrijk, de Rijnprovincie en Nederland/opgeluisterd door illustratiën naar momentphotographieën; onder hoofredactie van Mevrouw Waszklewicz geb. Van Schilfgaarde, met medewerking van Ds. HD van Broekhuizen en bijdragen van Boerenvrienden en vriendinnen** (Abrahams, 's-Gravenhage, 1900).

52 Vir 'n groot deel van die twintigste eeu het die Afrikaners dit steeds ervaar. As kultuurgemeenskap, wys Krog daarop, het die ervaring van die negentiende eeu Afrikaners reeds geleer dat hulle moet aanvaar dat die wêreld teen hulle kan en sal draai. A Krog, "A hundred years of attitude" in **Electronic Mail & Guardian**, 11 November 1999, by http://www.mg.co.za/mg/news/99oct1/11oct-boer.html.

Die bejaarde en sieklike staatspresident was toenemend aangewese op sy handjievol raadgewers om hom in 'n figuurlik koue Europa te laat rondswerf waar hy op 14 Julie 1904 in Clarence oorlede is.

Let ons op die nalatenskap van Paul Kruger is die onvermydelike vertrekpunt sy "politieke testament".[53] Vir jarelank was dit vervat in die teks wat aan die voet van die Krugerbeeld op Kerkplein gegraveer is. Volgens een van sy biograwe, het Kruger dit egter reeds in 1903 in 'n skrywe aan Smuts, met aanduidings van 'n herleefde Afrikanernasionalisme in die voormalige Boererepublieke, uiteengesit.[54] Dit is grootliks verwoord in die profetiese insigte wat hy uit die betreklike onbekende en klein Bybelse boek van Joël ontgin het.[55] Wat ons voorheen aanvaar het as sy laaste persoonlike boodskap, is in werklikheid met sy goedkeuring, deur Leyds aan die einde van Junie 1904 opgestel.[56]

In die geskiedenis van 'n volk is daar bepaalde tydstippe waarin emosie 'n deurslaggewende rol speel om te bepaal in welke mate op die toekoms gereageer moet word. Die Afrikaanssprekende gemeenskap van Suid-Afrika was aan die begin van die twintigste eeu 'n gemeenskap in rou. Hulle het 'n oorlog verloor en daar sou uit die dieptes van die verlede na 'n herstel gestreef word.[57] Dit was deel van 'n bevrydingsproses wat saamgehang het met simpatie en 'n toegeneentheid van Britse kant, om 'n politieke skikking tussen Boer en Brit te bereik. Die vergesigte van Kruger oor vryheid, soewereine onafhanklikheid en die republikeinse ideaal, sou getemper moes word. 'n Nuwe garde leiers het ingetree om bystand te lewer onder omstandighede van intrinsieke verandering.

Gepolariseerde leierskap, in afwagting op 'n nuwe toekoms waarin nywerheidsontwikkeling en ekonomiese groei as prioriteit vooropgestel sou wees, het generaals JC Smuts, Louis Botha, JBM Hertzog en dr. DF Malan na vore sien tree. Te midde van onstuimige woelinge was elkeen van hulle ikone, wat onderskeidelik 'n bepaalde soort leiding gegee het om in die belang van die Afrikaanssprekendes op te tree.

---

53 Laaste boodskap van oud-president Paul Kruger aan sy volk, 19 Junie 1904, FA van Jaarsveld (red.), **Honderd basiese dokumente by die studie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis 1648-1961** (Nasou Beperk, Kaapstad, c. 1971), p. 174.

54 DW Krüger, **Paul Kruger II** (APB, Johannesburg, 1963), pp. 298-300.

55 Die betekenisse wat in dié betrokke Bybelse boek opgesluit is, is onlangs weer eens ontsluit in Denise M Ackermann, **After the locusts: letters from a landscape of faith** (William B Eerdmans, Grand Rapids and Cambridge, 2003).

56 Van Niekerk, pp. 327-9.

57 Van Jaarsveld, **Omsingelde Afrikanerdom ...**, p. 26.

Dit is opvallend dat die idees van 'n romantiek rondom Afrikanernasionalisme in baie opsigte vir 'n groot deel van die twintigste eeu nie regstreeks binne die geledere van die politieke leierskap uitgebasuin is nie. Veel eerder het dit gegaan oor 'n kil en beredeneerde verligtingsdenkstroom wat hulle daartoe in staat gestel het om belangrike besluite te neem. Eers vanaf die vyftigerjare met JG Strijdom en HF Verwoerd is daar vorentoe gebeur, ten koste van die swart mense van Suid-Afrika, om die idee van 'n Suid-Afrikaanse nasie, onder Afrikanerhegemonie, in republikeinse verband, te vestig. In welke mate hierdie ideaal - die strewe van 'n blanke minderheid in 'n staat met sterk koloniale verbintenisse op die Afrika-kontinent - tot die voordeel van die land sou strek, is 'n ope vraag. In teenstelling met Kruger se gedagterigting van destyds is ekonomiese ontwikkeling voorop gestel en bykans meedoënloos aangedryf deur 'n drang na rasionele ontwikkeling in 'n sterk kapitalistiese markgerigte ekonomie. Op die ou einde sou dit teen die wil van die meerderheid Suid-Afrikaners indruis wat teen die agtergrond van 'n romantiek van Afrika-nasionalisme, veral ná 1945, vorentoe gebeur het.

Indien ons vanuit 'n kontra-feitelike standpuntinname redeneer, kan die vraag met goeie reg gevra word of dit moontlik is om Kruger se tipe leiding in die twintigste eeu te identifiseer. 'n Polities-jeugdige Kruger, in sy vyftigerjare, sou by uitnemendheid daartoe in staat gewees het om leiding te gee in enige oorgang, soortgelyk aan dié wat Suid-Afrika in die negentigerjare deurgemaak het. Hy sou egter toenemend gedwing word om 'n randfiguur te word. In 'n volwaardige demokratiese samelewing vind siklusse van veranderende omstandighede so snel plaas dat 'n lank gevestigde leierskap nouliks daartoe in staat is om voortdurend die rigting te bepaal wat veranderende omstandighede vereis. Die praktyk het sedert die negentiende eeu bewys dat 'n balans tussen verligting en romantiek nouliks in 'n individu in terme van politieke leierskap opgesluit is. Dit het alles te make met die wyse waarop die werklikheid beoordeel word, kwalitatief of kwantitatief, met die hart óf met die verstand. 'n Fyn intuïtiewe aanvoeling is voortdurend van deurslaggewende belang.

Kruger se toekomsperspektief, wat gewentel het om 'n hartstogtelike liefde vir die idee van die republikeinse Afrikaner-identiteit, het op etlike geslagte Afrikaners 'n groot invloed uitgeoefen. Tot op hede kan met vrymoedigheid verklaar word dat hy met al sy voortreflike en swak hoedanighede steeds 'n simbool van 'n bepaalde dimensie van die Afrikaanse identiteit is. Dit is egter 'n ope vraag in welke mate dit raadsaam is om die romantiek van republikeinse en nasionalistiese hartstog in die hede of die toekoms uitermatig goed te praat.

Veel eerder sou dit gaan oor die versugting na die realisering van 'n kulturele identiteit binne 'n globaliserende wêreld waarin Afrikanerskap daarop aanspraak kan

maak dat menseregte gerespekteer word en die toekoms een is waarin 'n rasionele vryheidsbeginsel in vreedsame kontekste voorop gestel word.

Die Afrikaanse verligting het 'n hoogtepunt bereik tussen die sestiger- en tagtigerjare van die twintigste eeu. Benewens verrasionaliseerde ideologiese denke oor potensiële staatkundige oplossings vir die heersende rasseknelpunt in die land, het 'n regering wat deur die Afrikaanse elite gelei is, tegnologies die land op die terrein van militêre tegnologie en industriële uitbreiding tot op die hoogste sport laat ontwikkel. Dit was in hierdie era waarin die akademikus en later koerantredakteur, Wimpie de Klerk, se begrip van die Afrikaners as synde *Verligtes* of *Verkramptes* die lig gesien het.[58] 'n Bereidwilligheid tot redelikheid, gebore uit 'n verligtingsrasionaal in die nadraai van 'n eskalasie in die globale energiepolitiek (vanaf September 1973), die koloniale ontvoogding van suider-Afrikaanse state (vanaf 1974), die Soweto-opstande (1976) en die aftakeling van die ideologiese Oos-Wesskeiding in die wêreldpolitiek (1989) het tot die aanvaarding van multilaterale onderhandelinge aanleiding gegee. Dit het in 1994 op die eerste veelrassige demokratiese verkiesing in Suid-Afrika uitgeloop.

Teen die agtergrond van al hierdie ontwikkelinge het die herinnering aan Paul Kruger in die openbare sfeer op 'n veelheid van onregstreekse vlakke 'n rigtinggewende rol gespeel. Hy is voorgehou as die voorbeeldige leidsman van weleer wat in die belang van die Afrikaners gestry het. Vir ander mense was Kruger 'n noordelike blanke leier wie se standbeeld sonder meer van Kerkplein verwyder kon word.[59] Die benaming van en die standbeeld voor die hoofingang van die Nasionale Krugerwildtuin moes ook sonder meer weggeneem word.[60] Dit het tot groot onenigheid aanleiding gegee.[61]

Vir baie Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners is dit belangrik dat die herinneringe aan Kruger bly voortleef. Interpreteer 'n mens van dié grondliggende argumente in die guns daarvan, word voorgehou dat die herinnering aan Kruger, eintlik net soos enige betekenisvolle leier, aan die land en al sy mense behoort.[62] Vir sommige mense beteken hy egter heelwat meer as vir ander.[63]

58 Davenport en Saunders, p. 443.
59 Vir 'n ontleding van hierdie polemiek kyk o.m. J Tempelhoff, "Omvormings van 'n Afrikaanse kernsimbool: 'n Hede-geskiedenis van Kerkplein 1989-1997", **Joernaal vir Eietydse Geskiedenis** 23(2), Desember 1998, pp. 120-47.
60 M Msimang, "Laat ons die Kruger-mite van die waarheid skei", **Rapport**, 3 Augustus 2003 by http://152.111.1.251/argief/berigte/rapport/2003/08/03/R1/21A/02.html.
61 U de V Pienaar, "Kruger wás vader wat die natuur wou bewaar", **Rapport**, 10 Augustus 2003, p. 10 by http://152.111.1.251/argief/berigte/rapport/2003/08/10/R1/23 ~1/01.html.
62 M du Preez, "Paul Kruger behoort niemand aanstoot te gee nie", **Rapport**, 3 Augustus 2003.
63 S Oberholzer (red., briewe), "Baie vrae oor Paul Kruger hinder nog", **Tshwane Beeld**, 18 Februarie 2004, p. 6; F Pretorius, "Paul Kruger-debat verdiep", **Tshwane Beeld**, 3 Maart 2004, p. 3.

Die gedagte van 'n orde wat in 'n sterk godsdienstige geloof gesetel is, was 'n intrinsieke deel van Kruger se menswees en ook sy politieke filosofie. Dit is derhalwe interessant dat Kruger se laaste perspektiewe op die toekoms juis vervat is in die interpretasie van Leyds - 'n gekunstelde Europese verligtingsdenker wat alles vir die Afrikanersaak feil gehad het. Kruger se godsdiensopvatting en die geïntegreerde aard daarvan met die politiek van die hede en die toekoms waarmee hy homself besig gehou het, is van buitengewone belang. Vandag is dit juis in 'n vorm van verligtingsteologie dat Afrikaners weer eens na die grondslae van hul geloof soek. Die kontemporêre historiese Jesus is in baie opsigte deel van 'n debat wat in die era van die Verligting in die agtiende eeu baie sin sou gemaak het.

In die geskiedeniswetenskap maak die nuwe kultuurgeskiedenis ruim voorsiening vir 'n aksent op godsdiens en die wyse waarop dit menslike handel en wandel in harmonie met toekomsverwagtinge bring.

Byvoorbeeld, die intuïsie van 'n Kruger wat hom aangedryf het om die moontlikhede van die toekoms dieper te verken as die meeste van sy tydgenote, kan verken word om die vlakke van godsdienstige fundering van sy handelinge beter te verstaan. Die Franse historikus, Michel de Certeau, het in sy studie oor Laudun 'n gedekonstrueerde ondersoek na die godsdienstige strominge en die versugting na sekulêre antwoorde in 'n tydsgewrig van ongekende godsdienstige vertwyfeling in 'n klein Franse gemeenskap in die sewentiende eeu ondersoek.[64] Die wyse waarop hy tot insigte omtrent 'n andersoortige waarheid gekom het,[65] is van omvangryke waarde vir ons eietydse begrip van die laat-negentiende eeuse geskiedenis van Suid-Afrika. *Heterologia*, ook bekend as 'n bereidwilligheid om van die indrukke van die ander - of dit wat nie bekend is nie - kennis te neem, het baie waarde. Slegs deur die verkenning van 'n ander geestelikheid as dié waarmee ons so graag onsself as mense wil vereenselwig, sou dit moontlik wees om 'n meer omvattende begrip in die hand te werk. Die doelwit is dan nie om die "regte" en die "ware" in die verlede te ontsluit nie, maar veel eerder om gegewe verledenswerklikhede wat bloot in 'n analoë vorm beskikbaar is, in ander dimensies oop te stel.

Binne hierdie konteks sou dit beteken dat 'n geskiedenis van die toekoms van wesentlike waarde word. Die wyse waarop 'n Paul Kruger aan die einde van die negentiende eeu die toekoms gesien het, is dan van waarde binne die konteks van 'n begrip wat gevestig word vir die tyd waarin hy geleef het. Wanopvattings, eendersyds, en aanduidings van akkurate intuïsie, andersyds, te same met die wel en weë wat die veranderingsproses op die mens gehad het, kan dan in samehang met die

---

64 M de Certeau, **La possession de Laudun** (Julliard, Parys, 1970).

65 Kyk in hierdie verband na W Weymans, "Michel de Certeau, and the limits of historical representation", **History and Theory** 43(2), Mei 2004, pp. 161-78.

daaropvolgende voorspellings omtrent die toekoms gekontekstualiseer word. So word ons daartoe in staat gestel om van nie-Afrikaners en hul reg op selfverwesentliking kennis te neem. Dit kan lei tot begrip oor wat die aard en wese van Suid-Afrikanerskap aan die begin van 'n nuwe millennium vir die land en sy mense behoort te beteken.

Die inhoud en betekenis van die vryheid wat Kruger vooropgestel het, is gekenmerk deur die betekenis wat hy daarin gelees het. Dit het alles saamgehang met die identiteit van wat in die twintigste eeu as die Afrikaanse spraakgemeenskap gestalte sou aanneem.

Kruger se vryheidsdrang en sy opvattings oor Afrikanerskap was gesetel in die hartstogte van 'n pioniersgemeenskap wat as grensgemeenskap 'n bepaalde identiteit in Afrika ontgin het. Baie elemente daarvan het tot op die hede bly voortleef. Die eise van die tyd het egter aansienlik verander. In die hedendaagse wêreld gaan vryheid oor die reg van die individu om sy identiteit uit te leef binne die parameters van 'n grondwet wat onderskraag word deur die beginsel van universele menseregte. Die Afrikaners van vandag is lank nie meer die grensgemeenskap van 'n landelike boererepubliek nie, maar veel eerder 'n kulturele gemeenskap wat homself moet laat geld in 'n wêreld van globale mededinging waarin die waardes van die vrye mark dikwels op die miskenning van minderheidsgroepe neerkom.

Dit waarmee ons tans worstel, is in 'n groot mate die versugting na 'n kohesie wat nouliks met die optredes van die daaglikse sleurproses versoen kan word. Oorlewing het die uitdaging geword om so goed as moontlik te funksioneer in 'n samelewing waarin sekere fundamentele sosiale en kulturele strukture, soos die gesin, sekerheid omtrent 'n toekoms vir die nageslag en die instandhouding van vrede, voortdurend bevraagteken word. In die werklikheid van die alledaagse lewe het diepliggende kulturele waardes die werklike bedreigde eienskappe van die Westerse beskawing geword.

Die Afrikaanse verligting (*Aufklärung*) het homself uitgewoed in 'n era van politieke isolasie en magsaanwending wat saamgegaan het met die uitlewing van die Afrikaanse ideaal van republikeinse onafhanklikheid wat in 'n moderniserende wêreldsamelewing 'n anomalie geword het.

## 3. TEN SLOTTE

In een van sy onlangse werke het Rüsen die vraag gevra of gister beter kan word.[66] Met voorbehoude, het hy verklaar, sou dit moontlik wees, mits daar 'n handelingsteologie tussen die verlede en die toekoms neergelê kan word waarbinne die mens in universele kontekste optree met die wete dat ons nouliks daartoe in staat is om die toekoms ruimskoots te bepaal. Derhalwe moet met die grootste omsigtigheid omgegaan word in die identifisering van daardie doelwitte wat ons in die toekoms wil bereik. Hoe ons op die uitdaging van die tyd gaan reageer, met of sonder die herinnering aan Paul Kruger se toekomsperspektiewe, sal vir alle Suid-Afrikaners van blywende belang wees.

Dit bring 'n mens by die besef dat 'n herdenking 'n groot verpligting op die gewete van 'n nageslag plaas. Om die herdenking gestand te doen, of om dit later te herontdek, impliseer bepaalde wilsbesluite met betrekking tot die manier waarop mense teenoor die verlede reageer. Afrikaners sal moet voorkom dat hulle verhaal van Kruger 'n eksklusiewe verhaal word. Sodoende word net mites geskep. Die Afrikaners se herinneringe aan die Anglo-Boereoorlog het selde omvangryke begrip oor die groter verhaal van Suid-Afrika gedurende die twintigste eeu geskep.[67] Dit was eers ná 1994 dat meer begrip vir die Afrikaners en hul lyding posgevat het. Die skadu van die geskiedenis van apartheid hang egter steeds soos 'n swaar mantel oor die Afrikaners en hul verlede. Dit bemoeilik 'n meelewende begrip vir die verhaal van die Afrikaners in die groter geheel van die Suid-Afrikaanse geskiedenis.

Indien Kruger se vryheidsideaal vir die toekoms konsekwent interpreteer word, is dit duidelik dat dit gepaard gaan met bepaalde insigte rondom die idee van menseregte[68] en die vryheid van die individu wat die geleentheid gebied moet word om hom- of haarself in 'n geordende samelewing volkome te kan uitleef in so 'n mate dat dit nie teen die regte en vryhede van ander mense, en bowenal ook die natuur, indruis nie.

Indien ons begrip wil betoon vir dit wat Kruger nagelaat het, sou dit sinvol wees om kennis te neem daarvan dat die Afrikaanse identiteit telkens in die twintigste eeu buite die ruim van aanvaarding vir eksterne simpatie was. Die ontworteling van die Afrikaanse gees in Afrika en die res van die wêreld en die meelewing met bepaalde uitgangspunte wat as 'n reine rasionaliteit voorgehou kan word, sal ook

66 J Rüsen, **Kann Gestern besser werden? Bedenken der Geschichte**, pp. 17-44.

67 A Krog, "A hundred years of attitude" in **Electronic Mail & Guardian**, 1999.10.11, http://www.mg.co.za/mg/news/99oct1/11oct-boer.html

68 Vir 'n goeie internasionale oorsig van die historiografiese tradisie oor menseregte, kyk K Cmiel, "The recent history of human rights", **The American Historical Review**, 109(1), Februarie 2004, pp. 117-35.

plek maak vir die Afrikaners wat in 'n era van globaliserende prosesse daartoe in staat is om ten opsigte van hul unieke identiteit as die burgers van 'n veranderende wêreld hul plek ewewigtig vol te staan.

Dit sal egter aan Afrikaners die eis stel om hulself ook in die konteks van 'n universele geskiedenis te vergestalt.

Die geskiedsfilosoof, Reinhart Kosseleck, neem die verdeling van historiese tyd 'n stap verder as dit waaraan ons gewoond is wanneer hy die beginsel van *Zeitschichten* definieer met die doel om daarop te wys dat geologiese geskiedenis (*Erdgeschichte*) ook binne die konteks van die *Historik* 'n verstaanbare geheel uitmaak en in wese steeds eenmalige gebeure verteenwoordig. Dit beteken egter nie dat die tyd van die natuur van die tyd van die geskiedenis geskei kan word nie.[69]

By implikasie bedoel Koselleck dat die seisoene 'n eenvormige dimensie en 'n herhalende tendens het. Trouens, daar is selfs strukture van herhaling, maar daar is sprake van 'n eenmaligheid aan elke seisoen se manifestasie gekoppel. "Tydskiedenis", verklaar hy, verteenwoordig die snitte in tyd waarvan ons kennis neem en in historiese kontekste voorstel. Vanuit hierdie aanname neem Koselleck, saam met Herder, teen Kant standpunt in, en verklaar dat elke lewende wese sy/haar eie tyd het en 'n eie tydsmatigheid in hom/haar ronddra.[70] Dit is 'n besef wat nouliks in afsondering en in geslote stelsels verstaan kan word. Ten einde by daardie ruim geestelike selfbegrip uit te kom, sal Afrikaners in 'n veranderende wêreld, met die historiese voorbeeld van 'n vryheidsliewende Kruger, hulself as deel van die ryke mensheidsgeskiedenis in die heelal - sonder voorbehoude - moet kan voorstel.

69 J Zammito, "Koselleck's philosophy of historical time(s) and the practice of history", **History and Theory** 43(2), February 2004, pp. 124-35.

70 R Koselleck, **Zeitschichten: Studien zur Historik (mit einem Beitrag van Hans-Georg Gadamer)** (Suhrkamp Verlag, Frankfurt, 2000), p. 20.